**Datum:** 28 April 2020 **Tema:** Ons Land Suid-Afrika

## Huistaal

### Bybelstorie

God gee sy tien gebooie – Eksodus 20.

### Bespreking van tema

Waar in die wêreld bly ons? In watter deel van Suid-Afrika woon ons?

### Gediggie

Ons land het baie mense
wat hard werk elke dag.
Ons land is mooi en kleurvol
en pryk met blommeprag.

Beginklanke:

Met watter klankie begin die woord "mat"?
(Vra verskillende 3-letter-woordjies)
Bv. sit, vat, rak, tas, ses, ens.

## Wiskunde

- ✓ Flits syferkaarte van 1-10.
- ✓ Flits getalname van een tot vyf.
- ✓ Tel voorwerpe af van 1-20. (Bv. klippies, doppies, wasgoed-pennetjies, lepeltjies, ens.)
- ✓ Mondelinge optelsommetjies tot die getal 5: Bv. Jy het 3 hempies en ouma koop vir jou nog 1 hempie. Hoeveel hempies het jy nou?

## Lewensvaardigheid

**Benodighede:**

1. Verf – blou, geel, groen, rooi, swart.
2. Swart kryt.
3. Groot wit papier.



**Stappe:**

1. Leerder teken met swart kryt die lyne van die landsvlag op die wit papier (ouer kan hier 'n handjie bysit).
2. Voltooi die kleure van die vlag deur leerder se handjie in die verskillende kleure verf te druk en afdrukke te maak op die papier.

**Datum:** 29 April 2020 **Tema:** Ons Land Suid-Afrika

# Huistaal

## Bybelstorie

Jerigo word ingeneem – Joshua 6.

## Bespreking van tema

Hoe lyk ons land se vlag en wat beteken dit?.

## Gediggie

Ons land het baie mense
wat hard werk elke dag.
Ons land is mooi en kleurvol
en pryk met blommeprag.

Flits klank-kaartjies:
a, d, g, o, e, s, i, u, f, j, k, l en m.

Eindklanke:

Stel eindklanke van woorde bekend: Met watter klankie eindig die woord "tas"?
(Vra verskillende 3-letter-woordjies)
Bv. bal, sak, nes, mot, sin, ens.

# Wiskunde

- ✓ Flits syferkaarte van 1-10.
- ✓ Flits getalname van een tot vyf.
- ✓ Tel voorwerpe af van 1-20. (Bv. klippies, doppies, wasgoed-pennetjies, lepeltjies, ens.)
- ✓ Mondelingse aftreksommetjies tot die getal 5:
  Bv. Jy het 5 appels en eet 1 appel op. Hoeveel appels het jy oor?

# Lewensvaardigheid

**Benodighede:**

- Rooi, geel, swart, blou en groen papier. (Dit kan servette, "tissue-papier", afval papier of gewone gekleurde papier wees.)
- Een wit A4 papier.
- 'n Swart koki.
- Gom.
- Skêr.



**Stappe:**

Vra weer vir pappa of mamma om jou te help om 'n groot Suid-Afrikaanse vlag op die wit papier te teken met die swart koki. Knip nou dun repies van al die gekleurde papier. So twee of drie repies van elke kleur. Smeer nou gom op die gedeelte van die vlag wat swart moet wees. Skeur nou klein blokkies papier uit die repies en plak dit op die regte plekkie. Plak daardie hele gedeelte toe met die swart papier. Herhaal dit nou met al die ander kleure, behalwe die wit. Moenie oor die lyntjies plak nie.

**Datum:** 30 April 2020 **Tema:** Ons Land Suid-Afrika

## Huistaal

### Bybelstorie

Ragab help die twee mans – Joshua 2.

### Bespreking van tema

Ons nasionale simbole van ons land. Die protea, die springbok, die galjoen, die bloukraanvoël en die geelhoutboom word bespreek.




### Gediggie

Ons land het baie mense
wat hard werk elke dag.
Ons land is mooi en kleurvol
en pryk met blommeprag.

Flits klank-kaartjies:
a, d, g, o, e, s, i, u, f, j, k, l en m.

Lettergrepe:
Klap die volgende woordjies:
pro-te-a, spring-bok, lands-vlag, geel-hout-boom, gal-joen, blou-kraan-voël, ens.

## Wiskunde

- ✓ Flits syferkaarte van 1-10.
- ✓ Flits getalname van een tot vyf.
- ✓ Tel voorwerpe af van 1-20. (Bv. klippies, doppies, wasgoed-pennetjies, lepeltjies, ens.)
- ✓ Mondelinge optelsommetjies tot die getal 5: Bv. Jy het 3 hempies en ouma koop vir jou nog 1 hempie. Hoeveel hempies het jy nou?

## Lewensvaardigheid

**Benodighede:**

1. Toiletrolletjie.
2. Verf – blou.
3. Kwaste.
4. Knope
5. Oorskiet blou materiaal, blou veertjies (dit wat beskikbaar is).
6. Skêr.
7. Gom.



**Stappe:**

1. Leerder verf die toiletrolletjie met blou verf.
2. Leerder plak 2 knope om ogies te vorm.

Leerder plak die veertjies (indien beskikbaar) en oorskiet materiaal op toiletrol om bloukraanvoël te vorm.

**Datum:** 1 Mei 2020 **Tema:** Ons Land Suid-Afrika

## Huistaal

**Bybelstorie**

Joshua en Kaleb – Numeri 13-14.

**Bespreking van tema**

Ons President, Mnr. Cyril Ramaphosa.

**Gediggie**

Ons land het baie mense
wat hard werk elke dag.
Ons land is mooi en kleurvol
en pryk met blommeprag.

Flits klank-kaartjies:
a, d, g, o, e, s, i, u, f, j, k, l en m.

Eindklanke:
Stel eindklanke van woorde bekend: Met watter klankie eindig die woord "tas"?
(Vra verskillende 3-letter-woordjies) Bv. bal, sak, nes, mot, sin, ens.

## Wiskunde

- ✓ Flits syferkaarte van 1-10.
- ✓ Flits getalname van een tot vyf.
- ✓ Tel voorwerpe af van 1-20. (Bv. klippies, doppies, wasgoed-pennetjies, lepeltjies, ens.)
- ✓ Mondelingse aftreksommetjies tot die getal 5:
  Bv. Jy het 5 appels en eet 1 appel op. Hoeveel appels het jy oor?

## Lewensvaardigheid

**Benodighede:**

1. Kolwyntjie-papiertjies.
2. Verf – pienk, bruin en groen.
3. Kwaste.
4. Gom.
5. Pienk/wit papier.



**Stappe:**

1. Leerder verf met bruin en groen verf die steeltjie met blare van die protea.
2. Leerder plak die kolwyntjie-papiertjie aan die bokant van die steeltjie.
3. Leerder verf met pienk verf die kolwyntjie-papiertjie.